DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

menlo-insig

Insig 26 /2025 - 12 September 2025

MENLO, ONS SAL JOU ALTYD ONTHOU!

Ons skool sal saamstaan gekleed in wit en blou.
Ons bou saam en werk saam in trots en in trou.
In wen of verloor laat die Parkies hul spoor
en streef ons die hoogste na.
Menlo, ons sal jou altyd onthou.
Die tyd gaan verby, in ons harte sal jy bly;
'n Anker vir jou en vir my.

KOMMUNIKASIE

Menlo ma's wat bid
Ontmoet Donderdae om 07:30 in die koshuis se sitkamer. Kontak: 082 579 4968.

Menlo pa's wat bid
Ontmoet elke tweede Vrydag om 06:00 in die Rugbyklubhuis. Kontak: 082 457 6526 of 071 159 779.

Ed-admin (Menlo-kode: 599649)
Die skool herinner u graag om gereeld op u kind se profielfoto te klik vir die volgende: *Assessment feed & Learning and behaviour*. Ander belangrike inligting wat op Ed-admin beskikbaar is, is:

- Toetsrooster: Kwartaal 3
- Personeel se kontakbesonderhede
- Ekstra klasse vir Wiskunde en FW
- Studiekursus: Kwartaal 3

Fotobestellings

karen@miraclesphoto.co.za

'n Brokkie Menlo-geskiedenis

Oudonderwyser, mnr. Izak Loots, het vandeesweek 'n skoolsangbundel wat uit die laat sestigs en vroeë sewentigs dateer, aan die skool geskenk.



Afrikaans: 100 jaar

Roei anglisistiese uitdrukkings uit — *lok, stok en vaatjie* — deur eerder die eg Afrikaanse eweknie te gebruik. Sê eerder: "Hy laat die aap uit die mou." Vermy: "Hy laat die kat uit die sak."

Bron: Maroela Media

AMFI-HOOGTEPUNTE

- Die matrieks van 1976 hou reünie (50 jaar).
- Drie geslagte Menloparkers op een foto: Mnr. Izak Loots (oud-Menlo-onderwyser) het die reünie saam met sy dogter (1991) en twee kleinseuns bygewoon.

AKADEMIE

GASVRYHEIDSTUDIES: NASIONALE OLIMPIADE

Ses van Menlo se voorste connoisseurs het onlangs aan die nasionale Gasvryheidstudiesolimpiade deelgeneem en 'n gemiddeld van 77% behaal.

Baie geluk aan Natanya Steenkamp, René Coetzee, Mikhe du Plessis, Danay Olivier, Zalbert Schoombe en Jennifer Barnard.

#bogemiddeld

KULTUUR

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
MENLOVARIA
Wennerskonsert
17 September 2025
Wilge Teater
Eerste vertoning: 17:30-19:15
Tweede vertoning: 19:30-21:15
Kaartjies: R100
beskikbaar op Quicket
SKOOLKONINGIN
WAAR KULTUUR EN KUNS ONTMOET

KULTUUR

PRETORIA-EISTEDDFOD

UITSLAE: KITAAR (KONTEMPORÊRE AFDELING)

Liam Fryer	A+ (x2)
Carl Radley	A+ (x2) en A++ Itemwenner: Eksamenstuk (Graad 4) Itemwenner: Eksamenstuk (Graad 5)
Jesse Naidoo	A+ en A Itemwenner: Eksamenstuk (Graad 2)
Rubert Pieters	A (x2), A+ en A++ Itemwenner: Eie keuse (14 en onder) Itemwenner: Solo-uitvoering (14 en onder) Itemwenner: Eksamenstuk (Graad 3)
Aimee Champion	B (x2)
Rian Knoesen	A+ (x2)

Die Menlo-bodem het as gasheer vir die kitaarafdeling opgetree. Baie dankie aan mnr. Leon van der Berg (Menlo-musiek-akademie) vir puik organisatoriese reëlings.

MENLO-MASKERFEES

Die planke het verlede week behoorlik gekreun onder die talent wat by die Menlo-maskerfees te siene was. Baie dankie aan me. Dené Kruger, die Menlo-akteurs en tegnici vir 'n uitsonderlike aand. Die Menlo-maskerfees was sonder twyfel 'n hoogtepunt op vanjaar se kultuurkalender.

Hier volg 'n kort opsomming van elkeen van die tonele wat vanjaar op die planke was.

Van Dyk

'n Hegte vriendekring sien opgewonde uit na hul matriekjaar, maar hul vreugde is van korte duur wanneer die nuus van Izak van Dyk se dood die skool tref. Hierdie aangrypende stuk ondersoek die kwessies van verlies, vriendskap en oorlewing en laat elkeen met die vraag: "Hoe gaan 'n mens voort wanneer jy jou beste vriend of selfs die liefde van jou lewe verloor?"

Karma se Speletjie

Vyf graad 11-leerders word in 'n moderne, digitale drama meegesleur wanneer hul selfone verdwyn en geheime uitgelek word. Skielik word vriendskappe beproef, karakters ontbloot en lojaliteit getoets. Wees versigtig!

Die Uitnodiging

Sewe hoërskoolleerders word deur 'n geheimsinnige uitnodiging van 'n onbekende persoon in 'n klaskamer vasgevang. Terwyl hulle probeer om die raaisel op te los, word verhoudings en vertroue beproef. Wie skuil agter hierdie uitnodiging?

Die Raaiselagtige Poging tot Moord op Kotie

Wanneer 'n poging tot moord plaasvind, begin 'n netwerk van alibi's en geheime ontrafel. Roxy se verduidelikings maak nie sin nie en die vraag bly staan: Wie is die skuldige? Hierdie produksie meng spanning met 'n tikkie humor, terwyl die gehoor sélf begin om die waarheid te ontbloot.

SPORT

SWEM

UITSLAG: XXI AFRICA AQUATICS ZONE IV CHAMPIONSHIP (ESWATINI)

Wian Bartleman	(graad 9)	
Oopwaterswem	5 km	Goud
	4 x 500 m– gemengde aflos	Goud

MUURBAL



UITSLAE: MENLO-INTERSKOLETOERNOOI

Menlo vs. St Stithians College	6-0
Menlo vs. St Dunstan's College	6-0
Menlo vs. Michaelhouse School	6-0
Menlo vs. Westville Boys High	6-0
Menlo vs. St John's College	2-4

NETBAL

UITSLAG: TSHWANE SE FAST5-KAMPIOENSKAP

Al vier Menlo se Fast5-spanne het gekwalifiseer om eerskomende naweek aan die Gauteng-kampioenskap deel te neem. Menlo se spanne eindig eerste en tweede in beide ouderdomsgroepe. #Menlotrots

SPORT

LANDLOOP

UITSLAG: ASA SE SA KAMPIOENSKAP (MIDDELBURG)

Leon Stoltz
O. 18
SA kampioen

Danté Raath
O. 20
5de

Tommie Cronje
O. 14
9de

MJ Venter
O. 14
23ste

Clarabelle Haasbroek
O. 17
23ste

Zanta Lourens
O. 15
28ste

Isabella van der Merwe
O. 15
35ste

Ewan Lourens
O. 19
38ste

Kaitlyn van Rooyen
O. 17
55ste

Kara du Plessis
O. 15
57ste

Waldo Meadon
O. 15
63ste

Annerike Heyneke
O. 16
64ste

SPORT

KRIEKET

UITSLAG: LIGA

Menlopark 2de XI vs. Pretoria Boys High 2de XI
Menlo 242/9 (Keagan Hills 67, Verster Richter 46*)
PBHS 148 almal uit (Verster Richter 5/31)
Menlo wen met 94 lopies.

Menlopark o. 14 C vs. Midstream o. 14 B
Menlo 139/5 (Christiaan Koekemoer 64)
Midstream 88 almal uit (Arno Killian 2/5)
Menlo wen met 51 lopies.

Menlopark o. 14 A vs. Pretoria Boys High o. 14 A
Menlo 320 almal uit (Neil Claassen 73)
PBHS 212 almal uit (LJ Janse van Rensburg 4/12)
Menlo wen met 108 lopies.

Menlopark o. 15 A vs. Pretoria Boys High o. 15 A
PBHS 240/9 (Kian Muller 3/26)
Menlo 160 almal uit (Victor Wentzel 37, Daniel O' Connell 28)
PBHS wen 80 lopies.

Menlopark o. 15 C vs. Menlopark o. 15 C
Cornwall 126/3
Menlo 128/4 (Juandre Barnard 39*)
Menlo wen met 6 paaltjies.

Menlopark o. 14 A vs. Affies o. 14 A
Affies 283 almal uit (Rudo Rheeders 6/43)
Menlo 173 almal uit
Affies wen met 110 lopies.

Menlopark 4de XI vs. Eldoraigne 3de XI
Menlo 282/7 (Kayden du Plessis 141*)
Eldoraigne 235/9 (Daniel O'Connell 4/36)
Menlo wen met 47 lopies.

Menlopark 1ste XI vs. Pretoria Boys High 1ste XI
PBHS 239/6 (Jordan van Eck 4/12)
Menlo 190 almal uit
PBHS wen met 49 lopies.

Menlopark o. 14 B vs. Cornwall Hill o. 14 B
Menlo 153/6 (Christiaan Koekemoer 56)
Cornwall 129/6
Menlo wen met 24 lopies.

PRESTASIES BUITE SKOOLVERBAND

ROBOTIKA:
WORLD ROBOTICS OLYMPIAD: GAUTENG-STREEKSKOMPETISIE

Liam Senekal & Lana Swanepoel
Junior kategorie Goud
Gemengde skolespan (Lego Logix)

TUIMEL:
GAUTENG-KAMPIOENSKAP

Nika Swart
Vlak 6 Silwer
Kwalifiseer vir deelname aan die nasionale kampioenskap.

MENLO-BORGE: BAIE DANKIE

OBARO

SAFARI OUTDOOR

INSIGPRENEURS

Wil u graag in die Insig adverteer?

Volg die skakel vir meer inligting.

MARKPLEIN

MAGNUM SAFES
MANUFACTURERS OF ALL TYPES OF SAFES SINCE 1988

MAGNUM

BESKERM JOU MOTOR TEEN MOTORDIEWE



Kontakbesonderhede

magnumsafeza@gmail.com

012 391 7380 of 082 665 5967

LYNNWOOD PADEL
WAAR ELKE HOU TEL

KOM SPEEL PADEL BY **LYNNWOOD PADEL PARK**
EN ONDERSTEUN TERSELFDERTYD DIE SKOOL!
ELKE HOU MAAK 'N VERSKIL.

Bespreek vandag nog jou baan!

BESPREEK HIER

EXCELSA PETAMUS
MENLOBOND
ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

LYNNWOOD
PADEL PARK

Treat Box

12 Cupcakes @ R300

Contact us on 0626609600

Blissful Treats By Vee **blissful_treats_by_vee**

Is jy 'n Parkie-entrepreneur?

Die Insig wil jou graag help om bewustheid van jou produk en onderneming te skep.

STUUR ASSEBLIEF 'N A6-ADVERTENSIE (AS 'N JPEG OF PNG) NA ANLIE.DICKS@MENLOPARK.CO.ZA.